Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, November 08, 2020
Page: 16

Nico van Gijsen



Raad met jou rande



# Wees versigtig vir taks op polis

Die klein jakkalsies kan die wingerd bederf vir jou naasbestaandes

Ek kyk vandag na die belasting op lewenspolisse, meer spesifiek boedelbelasting, na aanleiding van 'n vraag van 'n leser die week.

Hy oorweeg drie opsies, "omdat lewensversekering die goedkoopste wyse van kapitaalvorming is".

Kom ons noem die versekerde lewe "Anton".

Die opsies is:

- Anton besit die polis, betaal die premies en benoem 'n begunstigde, kom ons noem haar Bets;
- Anton is die versekerde lewe, maar Bets neem die polis uit, betaal die premies en is die begunstigde; of
- Anton besit die polis, betaal die premie en bemaak die uitbetaling in sy testament.

Nou's die leser se vrae: Moet die polis eerder bemaak word as om dit te begunstig? In wie se naam word belasting betaal? Hier is 'n paar vrae wat eers antwoorde vereis: Vir wie wil jy die kapitaal skep? Dis 'n lewenspolis, so jy kan nie vir jouself kapitaal skep nie, behalwe as jy voor doodsdeur staan, in welke geval baie versekeraars die polis voortydig sal uitbetaal.

Is dit, in die geval van die man, om vir die vrou as langslewende voorsiening te maak? Dit is 'n wonderlike en die sekerste manier om vir 'n langslewende gade voorsiening tussen vennote te maak. Die geld is gewaarborg. In so 'n geval, by die voorsiening vir 'n langslewende gade, is daar nie sprake van belasting nie. Die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) laat toe dat alle bemakings aan 'n gade, selfs indirek deur 'n trust, of by wyse van vruggebruik, aftrekbaar is vir boedelbelasting. Terloops, verwysend na my onlangse rubriek hier oor saamblyers, die aftrekking geld ook ten opsigte van saamblyers in 'n verhouding wat bedoel is om permanent te wees.

Daar is ander gevalle waar die polis nie in berekening gebring word vir boedelbelasting nie, soos wanneer dit gebruik is om 'n koop- en verkooptransaksie te finansier tussen vennote. Maar eintlik word dit uitgesluit omdat die waarde van die aandeel wat uitgekoop word in elk geval in die boedel van die oorledene opgeneem word vir boedelbelasting.

## Altyd 'n bate van die versekerde lewe

Hierdie uitsonderings uitgesluit, wat ek meen in elk geval nie van toepassing is vir die lesersvraag nie, is die reël dat alle lewenspolisse op die lewe van die oorledene as 'n geagte bate opgeneem word in sy of haar boedel. Dit maak nie saak wie die premie betaal het, of wie die poliseienaar is nie, dit is die lewe wat verseker word deur die polis waar die brandpunt lê.

As die polis op Anton se lewe is, dan val dit in sy boedel as 'n geagte bate. Niks meer daaroor te sê nie. Ter interessantheid, hoekom as 'n geagte bate en nie 'n bate nie? 'n Polis is 'n kontrak tussen jou en die versekeraar om teen 'n premie by jou dood 'n bedrag geld beskikbaar te stel aan 'n derde party. Altyd 'n derde party. Selfs jou boedel is 'n derde party. Daarom, sê die wet, maak ons dit 'n geagte bate (sodat ons belasting daarop kan hef).

## Wees versigtig vir boedelbelasting

Ek het nou die leser se vrae beantwoord. Die poliswaarde val altyd in die boedel van die oorledene. Maar daar is tog meer. Sou iemand anders, soos in die geval van Bets, die premies betaal het en daardie persoon is die begunstigde op die polis (die geld betaal aan hom of haar uit), is al die premies plus 6% rente per jaar aftrekbaar vir boedelbelasting. Die persoon is dan ook verantwoordelik vir die pro rata-deel van die boedelbelasting wat deur die polisopbrengs geskep word. Vandaar die vergunning om die premies plus 6% rente te kan aftrek.

Wat dit aanbetref, wil ek 'n belangrike punt maak. So 'n polis kan, as daar nie reg beplan is nie en voorsiening gemaak is nie, addisionele boedelbelasting skep in die boedel van die oorledene. Dit is weens die manier waarop die berekening gedoen word. Pasop hiervoor, want dit kan die boedel met 'n kontanttekort laat. En diegene wat die oorledene uit die restant uit wou bevoordeel, kan daardeur benadeel word.

## Begunstig of bemaak?

Of jy die polis direk moet begunstig aan iemand en of jy dit moet bemaak? As jy dit begunstig, betaal dit buite jou boedel uit. Maar dit is steeds 'n geagte bate in jou boedel, hoewel die begunstigde die pro rata-boedelbelasting sal betaal, soos ek hierbo verduidelik. Kortom, begunstig jy dit, bespaar jy aan die eksekuteurstarief omdat dit buite die boedel uitbetaal. En die begunstigde betaal die boedelbelasting daarop. Maar pasop vir 'n geldtekort in jou boedel net omdat jy die eksekuteurstarief daarop wou vermy.

Bemaak jy dit testamentêr, moet jy eerstens jou boedel die begunstigde maak. Dit val dan in vir die eksekuteurstarief en boedelbelasting in jou boedel. Dit kan óf deel uitmaak van die restant, waaruit alle boedelkoste en eise teen die boedel betaal moet word, óf jy kan die bedrag spesifiseer en aan iemand laat uitbetaal as 'n legaat (wat voorkeur kry bo restant-erfgename).

Die finale afleiding wat ek graag wil hê lesers moet maak uit alles wat ek hierbo sê, is dat dit belangrik is om kundige finansiële raad te kry. Om 'n polis te koop is een ding, dis die klein jakkalsies wat die wingerd kan bederf vir jou naasbestaandes, waar die knoop lê.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.